

Theodorus Beza en die Middel-eeuse wortels van die vroeë Reformatoriële denke oor konstitutionele regering en die politieke kontrakteorie

Andries Raath

Navorsingsgenoot

Departement Filosofie

Universiteit van die Vrystaat

RaathA@ufs.ac.za

Abstract

Theodor Beza and the Medieval roots of early Reformational thought on constitutional government and social contract theory

The early Reformational political theorist, Theodor Beza, made a significant contribution to the development of the Reformational views on constitutional government and political contractarianism. Beza modelled his views in both respects on Medieval theories on contractarian government and the nature of the political relationship between rulers and their subjects. Beza's reliance on Medieval political concepts introduced a number of fundamental political principles into Reformational mainstream political thought viz. a sworn contract obliging both rulers and subjects to mutual faithfulness; a diffuse network of agreements based on oaths binding in the sight of God; kingship based on the consent of king's subjects; the king subject to the authority of law and custom; the dependence of custom on the community that adhered to it and kings acting tyrannically could find their authority questioned. Because rulers have duties as well as rights, resistance to tyrannical acts by rulers breaking their contracts could under certain circumstances be justified.

1. Inleiding

Die opkoms van vorstelike absolutisme in die eerste helfte van die sesstiende eeu, is deur Protestantse verskillend benader: Lutherane het die beskerming van onderdane teen vorste se aantasting van burgervryhede aan die laere volksowerhede opgedra; Calviniste het dié taak aan die ephorale ampte toevertrou en ander het die argument geopper dat politieke owerhede wat absolutisties handel, soos enige ander private persoon weerstaan kan word.¹ Die oplossing wat Theodorus Beza (1519-1605) en ander Hugenote-outeurs aangebied het, was van 'n paradoksale aard: "(T)hey turned to the scholastic and Roman law traditions of radical constitutionalism."² Quentin Skinner voeg by: "They rejected the characteristically Protestant tendency to suppose that God places all men in a condition of political subjection as a remedy for their sins. Instead they began to argue that the original and fundamental condition of the people must be one of natural liberty. This in turn enabled them to abandon the orthodox Pauline contention that all the powers that be must be seen as directly ordained by God. Instead they inferred that any legitimate political society must originate in an act of free consent on the part of the whole populace."³ (Beza, Mornay en ander Hugenote-skrywers.)

Reeds Johannes Calvyn (1509-1564) het simpatiek teenoor Skolastieke en humanistiese regskrywers gestaan: "Calvin was undoubtedly far more sympathetic to the scholastic as well as the legal-humanist approach to politics than any of the earlier reformers, and these influences can be observed more clearly in a number of his most radical followers."⁴ Skinner sonder Beza in dié verband uit.⁵ In 'n onlangse publikasie verklaar D.P. Henreckson dat die geskrifte van Reformatoriiese skrywers soos Girolamo Zanchi (1516-1590), Theodorus Beza (1516-1590) en Johannes Althusius (1557-1638) "display a patchwork of influences – ancient, medieval, scholastic, and early modern."⁶ Die vraag ontstaan vervolgens tot welke mate politieke skrywers van Reformatoriiese oortuiging – by name Beza – deur Middeleeuse bronne beïnvloed is, hul standpunte by klassieke Skolastieke bronne aansluiting

-
- 1 Q. Skinner, *The Foundations of Modern Political Thought*. Vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press (2000), p. 319.
 - 2 Q. Skinner, *The Foundations of Modern Political Thought*. Vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press (2000), p. 320.
 - 3 Skinner, *Foundations*. Vol. 2, p. 320.
 - 4 Skinner, *Foundations*. Vol. 2, p. 320.
 - 5 Skinner, *Foundations*. Vol. 2, p. 320.
 - 6 D.P. Henreckson, *The Immortal Commonwealth. Covenant, Community, and Political Resistance in Early Reformed Thought*. Cambridge: Cambridge University Press (2019), p. 13.

gevind het en die omvang van sodanige invloed wat hul politieke teorieë vertoon het.

2. Konstitutionele regering en die politieke kontrakteorie by Middeleeuse bronne en in Theodorus Beza se politieke teorie

2.1 Die beginsel van verkiesing en politieke medeseggenskap

2.1.1 Middeleeuse standpunte oor verkiesing en politieke medeseggenskap

Die opvatting dat die koning op advies van sy lojale ondersteuners regeer, tree reeds in die tiende eeu na vore. In 'n skrywe van Gerbert (later Pous Silvester II (946-1003)) namens die koning van Frankryk aan die Aartsbiskop van Sens, onderneem die koning om hom van gesagsmisbruik te weerhou en op die advies van onder andere die Aartsbiskop te steun.⁷ Dié politieke medeseggenskap betrek die aristokrasie en die Aartsbiskop by die uit-oefening van die koninklike gesag.⁸

Dieselfde beginsel is te vinde in die werk van Abbo, die kloosterhoof, van Fleury (c. 945-1004): Die koning kan slegs die belang van die koninkryk bevorder en onreg hokslaan indien die Biskop en die leiersfigure in die koninkryk die koning die nodige ondersteuning bied. Hy verwys voorts na drie belangrike verkiesings: dié van die koning of Keiser wat met instemming van die hele koninkryk geskied; dié van die Biskop wat die instemming van die geestelikes en die volk weerspieël, en die van die kloosterhoof, wat deur middel van die wyser oordeel van die gemeenskap geskied.⁹ Die onderliggende gedagte is dat die koning 'n beroep doen op die trou van sy onderdane, wat hul by sy kroning onderneem het.¹⁰

-
- 7 Gerbert, *Lettres*. Redakteur J. Havet. Paris: Alphonse Picard (1889), pp. 98-99. Kyk ook die kommentaar van J. Havet, pp. 98-99.
- 8 Gerbert, *Lettres*, p. 99: "Ne si forte, quod non optamus, persuasion quorumdam pravorum diligenter vobis exequenda minus audiatis, sententiam domini papae, comprovincialiumque episcoporum duriorem perferatis, nostraque omnibus nota mansuetudo iustissimum correctionis assumat zelum regali potential."
- 9 Abbatis Floriacensis, *Collectio Canonum* ... In: J.P. Migne, *Patrologia Cursus Completus*. Vol. 139. Parisiis: Apud Garnier Fratres (1880), pp. 478-479.
- 10 Abbatis Floriacensis, *Collectio Canonum* ..., p. 478: "Idcirco partito in aliis onere, quos dignos credit honore, honorandus est et ipse sincera devotione, ne quis ei contradicat quomodocunque, quia 'qui potestati resistit, Dei ordinationi resistit.'

Die medeseggenskap van vooraanstaande volksfigure wat namens die volk by die regeergesag intree, kom ook in die tiende eeu na vore. In 967 vaardig Keiser Otto I (912-973) sy *Capitula* uit met instemming van die mees prominente amptenare en die hele volk.¹¹ Keiser Hendrik II (973-1024) reik in 1022 die Konstitusie uit ingevolge waarvan sinodale wetgewing van Pous Benedictus VIII (oorlede 1024) goedgekeur word met instemming van die senator, offisiere van die paleis en die vriende van die gemenebes.¹² Vanaf die 12de eeu vestig die beginsel dat dit 'n wesenlike element van die vors se gesagsuitoefening is om met medeseggenskap van die verteenwoordigers van die gemeenskap te regeer.

Gedurende die Middeleeue is die gesag van die vors afhanklik gestel van die verkiesing of minstens erkenning van die gemeenskap. In die Duitse Ryksgebied was die koninklike ampsopvolging deur middel van verkiesing bepaal. Pogings van vorste om koninklike opvolging bloot as 'n erflike instelling te beskou, is na aanleiding van die burgeroorloë tydens die regering van Hendrik IV en die burgerlike onrus van die dertiende eeu, verhoed. Volgens Hermann von Reichenau het Keiser Hendrik III die verkiesing van sy minderjarige seun bewerkstellig onderhewig aan die voorwaarde dat hy regverdiglik regeer.¹³ Volgens Bruno het die Konsilie van Forchheim in 1077 bepaal dat geen persoon die koninklike gesagsamp mag beklee deur middel van erfopvolging nie, maar dat die koning se seun deur middel van vrye verkiesing op die troon geplaas behoort te word.¹⁴ In 'n skrywe van die aartsbiskop van Cologne en Mainz by die afsterwe van Hendrik V in 1125, maak hy melding van 'n voorgenome vergadering om die posisie van die koninkryk te bespreek en vir 'n opvolger voorsiening te maak. Hy spreek die hoop uit dat by verkiesing van 'n opvolger sowel Kerk as koninkryk van die juk van slawerny bevry mag wees, dat die volk onder hul eie wette mag leef en dat die vorste en volk vrede mag beleef.¹⁵

11 Otto I, *Constitutiones*. In: *Monumenta Germaniae Historica. Legum. Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: impensis Bibliopolii Hahniani (1893), p. 28.

12 Hendrik II & Benedictus VIII, *Synodus et Leges Papienses de Clericis Ecclesiarum Servis*. In: *Monumenta Germaniae Historica. Legum. Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1893), p. 76.

13 Hermann von Reichenau, *Chronik*. Berlin: Wilhelm Besser (1851).

14 Bruno, *De Bello Saxonico Liber*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1841), p. 91: "hoc etiam ibi consensus communi comprobatum, Romani pontificiis auctoritate est comprobatum, Romani pontificiis ..." .

15 Frederici II, *Constitutiones 112*. In: *Monumenta Germaniae Historica. Legum. Sectio IV*.

Benewens die beginsel van politieke medeseggenskap in die Feodale wetboeke, bevat die *Sachsenspiegel* dieselfde beginsel. Ingevolge dié bron is die Duitse volk by verkiesing van die vors geregtig op sy onderneming om die reg te handhaaf en alles in stryd daarmee te verhoed.¹⁶

Die beginsels van verkiesing en politieke medeseggenskap was in die latere Skolastieke politieke denke dermate gevvestig dat Engelbert van Volkersdorf (1250-1311)¹⁷, Lupold van Bebenburg (oorlede 1363)¹⁸, Willem van Ockham (oorlede 1347)¹⁹ en andere dit as 'n prominente reg van die onderdane aandui. Marsilius van Padua (oorlede na 1342)²⁰ en Lupold van Bebenburg²¹ beklemtoon die beginsel as synde 'n instelling van die *ius gentium*. Bebenburg beskou verkiesing van die Keiser as synde in ooreenstemming met die gemenereg en die enigste wyse waarop 'n *principatus* of *regnum* verwerf kan word en dat by afsterwe van die Keiser sodanige gesag weer na die *populus* terugkeer. Nicolas Cusanus (1401-1464) verhef dié beginsel tot 'n reël van die natuurreg: die *populus Romanus* beskik oor die reg van verkiesing uit hoofde van die *ius divinum et naturali*; ingevolge die wil van God spruit alle heersersgesag – in besonder dié van konings en keisers – uit vrywillige onderwerping en instemming.²² Die klem op verkiesing as bron van vorstelike gesagsregte lei by Marsilius van Padua²³, Willem van Ockham²⁴ en Nicolas Cusannus²⁵ tot die

Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1893), pp. 143-144.

16 *Sachsenspiegel*. Cum Privil. Imperial. Et Elector Saxoni (1614), III. 52. 1.

17 Engelbert van Volkersdorf, *De Ortu & Fine Romani Imperii*. Basileae: Joannis Conradi Peezi (c. 1590), p. 47 e.v.

18 Lupold van Bebenburg, *De Jure Regni & Imperii*. In: S. Schard, *De Jurisdictione, Auctoritate, et Praeeminentia Imperiali*. Basileae: Cum Caes. Maest. (1566), pp. 351 e.v.; 397 e.v.

19 Willem van Ockham, *Octo Quaestionum Decisiones Super Potestate Ius Summa Pontificis*. In: M. Goldast, *S. Romani Imperii*. Vol. II. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum (1668), pp. 337-339; 371-372; 378 e.v.

20 Marsilius van Padua, *Defensor Pacis*. In: M. Goldast, *S. Romani Imperii*. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum (1668), pp. 154 e.v.; 175 e.v.

21 Lupold van Bebenburg, *De Jure Regni & Imperii*, pp. 351 e.v., 397 e.v.

22 Nicolaus van Cusa, *De Concordantia Catholica*. In: S. Schard, *Jurisdictione, Autoritate, et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basileae: Cum. Caes. Maiest. (1566), p. 615 e.v.

23 Marsilius van Padua, *Defensor Pacis*, p. 280 e.v.

24 Willem van Ockham, *Octo Quaestiones*, p. 378 e.v.; *Dialogus*. In: M. Goldast, *S. Romani Imperii*. Vol. II. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum (1668), p. 437 e.v.

25 Nicolaus van Cusa, *De Concordantia Catholica*, p. 615 e.v.

oortuiging dat verkiesing en nie kroning van die vors die oorsprong van die vorstelike gesagsregte is.

2.1.2 Die Middeleeuse invloed van die beginsel van verkiesing en politieke medeseggenskap op die politieke denke van Beza

Reeds aan die begin van sy vroeë geskrif, *De Haereticis* (1554), onderskryf Beza die beginsel dat laer volksowerhede (*magistrates*) deur toestemming van die volk in hul ampte aangestel word en as bewakers van wetgewing, wat die volk oor hul self stel, optree.²⁶ Ander Protestantse skrywers het Beza se standpunt gevolg. In sy politieke werk, *Short Treatise* (1556), huldig John Poynet die standpunt dat alle regeerders hul gesag aan die volk ontleen, dat regeerders dié gesag in trust ontvang en dat die volk oor die reg beskik om sodanige gesag regmatiglik te herroep.²⁷ Met verwysing na natuurregargumente het Christopher Goodman in sy werk *Superior Powers* (1558) dieselfde gedagte ondersteun.²⁸

In sy werk *De Jure Magistratum* (1576) gee Beza 'n meer uitvoerige beskrywing van die onderdane se reg om politieke leiers te verkies. Met verwysing na talle voorbeeld uit die Bybelse geskiedenis van Juda, beklemtoon Beza die volk se kiesreg.²⁹ Dit is veral die voorbeeld van Dawid en Salomo wat Beza uitsonder: "I therefore maintain that though God had expressly elected David, yet he had to be elected by the people also and that they in electing him rightly, as they should, followed the will of God. The same thing occurred in the case of Solomon also who after being first elected by God, was in the second instance made king by the people."³⁰ Ten spyte daarvan dat die koninklike kroon op bevel van God oorerflik was, het die volk oor 'n reg tot verkiesing van 'n opvolger beskik.³¹ Dié verkiesing is deur 'n tweevoudige verpligting vergesel: Sowel die koning as die volk onderneem teenoor God om sowel die kerklike as politieke wette te

26 T. Beza, *De Haereticis* ... Geen plek van uitgawe vermeld: Roberti Stepani (1554), p. 22 e.v.

27 J. Poynet (pseud. D.I.P.B.R.VV.), *A Shorte Treatise of Politike Pouuer, and of the true Obedience which subiectes owe to kynges and other civile Gouvernours* ... Strasburg: Geen uitgewer vermeld (1556).

28 C. Goodman, *How Superior Powers Ought To Be Obeyed*. Geneva: John Crispin (1558), pp. 149, 160 asook 154, 180, 188, 214.

29 T. Beza, *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects and the Duty of Subjects Towards Their Rulers*. Vertaal deur H.-L. Gonin, Cape Town: H.A.U.M. (1956), pp. 51-52.

30 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 51.

31 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 51.

eerbiedig. Dié onderneming is gevolg deur 'n wedersydse eed van die koning en die volk.³² Op grond van dié ondernemings konstroeer Beza die reg van die volk om deur middel van volksverteenvoordigers 'n koninklike opvolger aan te wys: "Hence I conclude that the Orders or estates of the people of Israel has authority to choose for themselves from the family of David whom they wished, and afterwards, when he had been elected, either to drive him out or even to execute sentence of death upon him as occasion demanded."³³ Op grond van Beza se standpunt kom A.A. van Schelven tot die gevolgtrekking dat die politieke orde wat Beza voorgestaan het, gekenmerk is deur die onderskeid van die regte van die volk en dié van die koning – elk van die partye beskik oor regte wat deur die ander erken is en 'n reg van verset in geval van skending van sodanige regte.³⁴

Die regte waaraan die onderdane beskik is voorafgaande aan dié van die vors. Bygevolg bestaan onderdane nie ter wille van regeerders nie, maar die vors tot voordeel van die onderdane.³⁵ Derhalwe beskik die volk oor die fundamentele reg tot verkiesing van die vors. Beza bevestig die beginsel wat hy met betrekking tot die koningshuis van Dawid geïdentifiseer het: "On similar grounds it happened even afterwards that though the kingship had by the will of God been granted to the family of David, yet in the last resort that one from the descendants of David should rule whom the people had approved and none other ... So much so that this kingship was hereditary as far as the family was concerned, but elective as regards the individual incumbent, i.e. dependent upon the election of the people."³⁶ Die volk se verkiesingsreg is konstitutief vir die gesagsregte waaraan die vors beskik. Bygevolg is die gesag van die vors afhanklik van die gesag van die volk, welke volksgesag nie onbeperk en onherroepbaar aan die vors verleen word nie: "Hence it follows that the authority of all magistrates, however supreme and powerful they be, is dependent upon the public (or collective) authority of those who raised them to this degree of dignity, and not contrariwise. And let no one urge the objection that such was indeed the first beginning of magistracies but that the people (*populum*) subsequently completely subjected

32 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 51.

33 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 52.

34 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 6.

35 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 30.

36 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 30.

themselves to the power and arbitrary will of those whom they had received as their supreme magistrates and that they gave up their liberty to them wholly and without any reserve whatever." Beza voeg by: "In the first place I deny that there is any certain proof of this complete renunciation; nay on the contrary I maintain that as long as right and justice have prevailed no nation has either elected or approved its kings without laying down specific conditions."³⁷

2.2 Konstitusionele regering en die regsbond tussen vors en onderdaan

2.2.1 Die voorwaardes vir politieke gesagsuitoefening en die politieke kontrakteorie in die Middeleeuse politieke denke

Verkiesing van die vors plaas hom onder bepaalde grondwetlike verpligte. In 'n brief van Frederick I (Barbarossa) (1122-1190) by sy verkiesing aan Pous Eugenius III (1088-1153) in 1152, maak hy melding van die koninklike waardigheid waarmee hy beklee is en ingevolge waarvan hy by sy kroning bepaalde ondernemings gemaak het, uit hoofde waarvan hy alle eer en goedgesindheid aan die Pous en die Roomse Kerk verskuldig is en die reg en vrede aan die hele volk wat aan hom toevertrou is, verskuldig is.³⁸ Die Duitse *Sachsenspiegel* verwys eksplisiet na die beginsel van verkiesing en maak die uitoefening van koninklike gesag afhanklik daarvan.³⁹ Nie alleen word die gesag direk aan die beginsel van verkiesing gekoppel nie, maar word alle politieke gesag daarvan afgelei.⁴⁰ Die toepassing van dié beginsel bring belangrike ontwikkelings in die Middeleeuse politieke teorie mee: Die gesag van die staatsvolk word erken; die wetgewende gesag van die vors word beperk en die inspraak van die staatsvolk deur middel van hul verteenwoordigers ontvang erkenning.

Die wetgewende gesag van die staatsvolk neem vanaf die 12de eeu in belangrikheid toe. In die *Privilegium Imperatoris* van 1122 stem Hendrik V daartoe in om van die investituur van biskoppe afstand te doen met medeseggenskap van die vorste wat aangedui word.⁴¹ Ander

37 Beza, *Concerning the Rights of Rulers*, p. 46.

38 Frederick I, *Constitutiones*. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1893), pp. 191-192.

39 *Sachsenspiegel*, III. 54. 2.

40 *Sachsenspiegel*, I. 55. 1.

41 Hendrik V, *Constitutiones*. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1893), p. 160.

bronne van wetgewing, soos Lothar III (1075-1137) *De Feudorum Distractione* (1136), is opgestel op versoek van en met inspraak van die aartsbiskop, biskoppe, hertoë en ander adellikes.⁴² Nie alleen is dié beginsel in die formele aanhef van wetgewing vervat nie, maar ook as wesenlike beginsel van politieke regering erken. In sy antwoord aan Pous Hadrianus IV, verklaar Keiser Frederick Barbarossa dat hy geen standpunt oor bepaalde politieke en kerklike aangeleenthede kan formuleer alvorens hy nie met die voorste oorleg gepleeg het nie.⁴³

Teen die einde van die vyftiende eeu was die reg van die volk om konings aan te wys dermate gevestig dat Miles in *Somnium Viridari* (opgestel 1376/1377) verklaar dat indien 'n koning onregverdigheheid belastings hef, tiranniek optree, versuim om die land te beskerm of andersins sy pligte te versuim, mag hy deur die volk uit sy amp onthef word en 'n ander regeerde aangewys word.⁴⁴ Die grondwetlike konsepsie van gesag sou mettertyd in die ontwikkeling van 'n volwaardige volksoewereiniteitsteorie, op die basis van 'n gepostuleerde kontrak tussen vors en onderdane, beslag kry.

Reeds in die negende eeu beskryf die Konsilie van Parys en Worms die koningskap as 'n *ministerie a Deo commissum*. Die vors word as 'n *recte agendo* voorgehou en versuim om regverdiglik te regeer word as tirannie bestempel.⁴⁵ Teen die einde van die 12de eeu, kry die Middeleeuse konstitusionele teorie beslag in die beginsels van volksverteenvoerdiging, politieke medeseggenskap, die gesagsregte van die volk as bron van owerheidsgesag en die beskrywing van die regband tussen vors en onderdane as synde 'n kontraktuele verhouding op grond waarvan die vors politieke gesag regmatiglik mag uitoefen. Manegold se beskrywing van die verhouding tussen vors en onderdane, as synde vervat in 'n ooreenkoms of *pactum* in die vorm van 'n bindende kontrak wat gelyklik op beide partye van toepassing is, gee beslag aan die fundamentele beginsel van die Middeleeuse politieke gemeenskap dat die koning kontraktueel tot

42 Lothar III, *Constitutiones*. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1893), p. 176.

43 Frederik I, *Constitutiones*. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1893), p. 207.

44 Philothei Achili *Consularis Regis, Somnium Viridari*. In: *M. Goldast, Monarchia S. Romani Imperii*. Hanoviae: Thomas Willierii (1601), pp. 111-112.

45 Lodewyk en Lothar, *Capitularia*. In: Redakteur G.H. Pertz, *Monumenta Germaniae Historica Legum. Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Aulici Hahniani (1835), p. 346 e.v.

die handhawing van die reg en die bevordering van geregtigheid verbind is. Manegold se kontrakteorie is nie op die oorsprong van politieke regering afgestem nie, maar bied 'n prinsipiële raamwerk van die Middeleeuse politieke gemeenskap as beliggaming van die tradisionele metodes van verkiesing, erkenning van die vors se gesag en van die wedersydse eedswering by kroningseremonies. Die eedswering van onderdane is verbonden aan en voorwaardelik vir die eed van die koning om geregtigheid te handhaaf en die reg te eerbiedig. Uit hoofde hiervan word die koning verkies en erken en dié wedersydse eedswerings bring die kontrak tussen vors en onderdane tot stand. Die eed van die onderdane is *ipso facto* nietig indien die koning nie getrou die verpligte nakom wat hy onderneem het nie. Mense onderneem sodanige gehoorsaamheid slegs op redelike gronde. Dit is dus onredelik om te dink dat onderdane tot gehoorsaamheid verbind is jeens 'n vors wat weier om erkenning te verleen aan die beginsels en voorwaardes uit hoofde waarvan hul hulself tot gehoorsaamheid verbind het.

Die standpunt dat God eerder as mens gehoorsaam behoort te word, het deur Thomas Aquinas se *Summa Theologica*⁴⁶ die vertrekpunt vir verset teen tirannieke vorste gebied. Op die vraag welke vorme van verset deur onderdane geoorloof sou wees, het die standpunte uiteengeloop. Hugh van Fleury (by aanvang van die 12de eeu)⁴⁷ het as algemene beginsel gestel dat tiranne geduld en voor gebid moes word, maar dat bevele teen die wet van God deur passiewe ongehoorsaamheid weerstaan moes word. Andersyds is die standpunt van Manegold van Lautenbach gehandhaaf dat die vors wat tirannie bedryf soos 'n trouelose herder verdryf behoort te word.⁴⁸ Soortgelyke standpunte is deur die pouslikes teen politieke gesagsdraers geopper. Johannes van Salisbury⁴⁹ beveel eksplisiet aan dat tiranne gedood mag word, *qui violenta domination populum oppremit*, omdat tirannie nikanders is as 'n misbruik van die gesag wat God aan die mens

46 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, p. 2325.

47 Hugo Floriacensis, *Tractatus de Regia Sacerdotali Dignitate*. In: Libelli de Lite, *Monumenta Germaniae Historiae*. Vol. II. Redakteur Societas Aperiendis Fontibus. Hanover: Bibliopolii Hahnianii (1892), pp. 468 e.v.; 474 e.v.; 479 e.v.

48 W. von Giesebricht, Ueber Magister Manegold von Lautenbach und seine Schrift gegen den Scholasticus Wenrich. In: *Sitzungsberichte der königl. Bayer. Akademie der Wissenschaften zu München*. München: F. Straub (1868), p. 325.

49 Johannes van Salisbury, *Policraticus*, (1992), pp. 25 e.v.; 28 e.v.; 188-205.

verleen. Hoewel Thomas Aquinas⁵⁰ teen tiranne-moord gekant was, het hy aktiewe weerstand teen 'n *regimen tyrannicum* voorgestaan, omdat sodanige gesagsuitoefening onregverdig is en vernietiging daarvan geen *seditio* behels nie, tensy die stappe wat geneem word meer skade teweegbring as wat die dulding van tirannie tot gevolg sou hê.⁵¹ Willem van Ockham⁵² het aktiewe verset ingevolge die *ius gentium* voorgestaan; Benedictus Capra (oorlede 1470)⁵³ het die uitvoering van 'n tirannieke maatreël as 'n daad van geweld wat aktief teen gestaan moet word beskryf en Jean Petit⁵⁴ het in 1408 tirannemoord verdedig. Tesame met Willem van Ockham⁵⁵ se klem op die beperkte amptsgesag van vorste is die verlening van *plenitidu potestas* as onversoenbaar met die beste vorm van regering beskou omdat regeergesag die vryheid van die onderdane ten doel het en slawerny van onderdane uitgeskakel behoort te word.⁵⁶ Aldus verklaar Willem van Ockham⁵⁷ dat onderdane aan die Keiser gehoorsaamheid verskuldig is (*in his quae spectant ad regimen populi temporalis*) en voeg by dat byvoorbeeld 'n verbod teen die drink van wyn nie bindend sou wees nie.

2.2.2 Die grondwetlike konsepsie van gesag by Beza

Vorstelike gesag is van 'n gedelegeerde aard. Beza se argument behels dat die politieke medeseggenskap van die volk wesenlik is – die vors kan slegs in sy amp bevestig word met instemming van die volk. Reeds in sy *De Haereticis* (1554) verklaar hy dat die reg op medeseggenskap deur verkose volksverteenvoordigers uitgeoefen word. Die volk deleger gesag aan laer volksverteenvoordigers om die koninklike gesagsuitoefening te kontroleer. Die volk se gesagsregte word dus deur hul volksverteenvoordigers namens hul en in hul belang uitgeoefen. Die gesag wat sodanige volksverteenvoordigende owerhede uitoefen is van gedelegeerde aard. Reeds in sy *De Haereticis*

50 Thomas Aquinas, *De Regimine Principum*. Lugduni Batavorum: Joannes Maire (1630), p. 27 e.v.

51 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*, pp. 3089-3090.

52 Willem van Ockham, *Dialogus*, (1668), p. 916 e.v.

53 Benedictus Capra, *Regulae et Tractatus*. Vol. I. Venetis: Senatuss Veneti (1568), p. 12 e.v.

54 J. Gerson, *Opera Omnia*. Vol. V. Antwerpiae: Sumptribis Societatis (1706), pp. 15-42 (*Justificatio Ducis Burgundiae, Super Caede Ducis Aurelianensis*).

55 Willem van Ockham, *Octo Quaestiones*, p. 320 e.v.; 348-351; *Dialogus*, p. 916 e.v.

56 Willem van Ockham, *Octo Quaestiones*, pp. 350-351.

57 Willem van Ockham, *Dialogus*, p. 916 e.v.

(1554) stel Beza die standpunt dat die volksverteenvoerdigende ampte met instemming van die volk verkies word, dat dié verteenwoordigers as bewakers van die wetgewing optree en dat hul deur middel van 'n besluit van die volk aangewys word.⁵⁸ Beza onderskei twee kategorieë volksverteenvoerdigers: Eerstens, die volksverteenvoerdigers wat op plaaslike vlak funksioneer,⁵⁹ tweedens, die verteenwoordigers van die volk wat in die volksvergadering sitting het.⁶⁰ Laasgenoemde groep verteenwoordigers beskik oor die soewereine reg om namens die volk te regeer – 'n reg wat deur die hele volksliggaam aan hul oorgedra is.⁶¹ Die implikasies van dié delegasie van volksgesag is tweërlei: Enersyds, is verwysings na die volk as 'n kollektiewe eenheid, aanduidings van diegene wat hul gesag van die volk ontvang, naamlik die volksverteenvoerdigende owerhede wat deur die volk verkies is. Andersyds, gee die volk nie hul soewereine regte prys nie, maar wel hul reg om dit direk uit te oefen. Die kumulatiewe effek daarvan is dat die reg om die koning aan sy ondernemings te hou nie deur die volk as geheel uitgeoefen word nie, maar deur die volksverkose owerhede wat die belang van die volk tot plig het. Die kroningseed is grondliggend vir die gesagsregte van die vors. Beza beklemtoon dat die gebruiklike eedswering van byvoorbeeld die inwoners van Aragon, ter bevestiging van hul plig om die gesag van die koning te eerbiedig, voorwaardelik van aard is.

2.3 *Die volksoewereiniteitsteorie en die grense politieke gesagsuitoefening*

2.3.1 *Die volksoewereiniteitsteorie en die aard van politieke gesagsuitoefening in die Middeleeuse politieke denke*

Die politieke tradisie dat die gesag van die Middeleeuse vorste van die verkiesing en instemming van die onderdane afhanglik is, het vanaf die 11de eeu in belangrikheid toegeneem. Die burgerlike konflikte van die 11de eeu het die volksverteenvoerdigers van die Ryk genoop om te bepaal tot welke mate die voorwaardes en tradisies van die konstitusionele orde die gemeenskap, deur middel van sy verteenwoordigers, die reg verleen om die vors aan die voorwaardes van sy amp gebonde te hou. Dit was veral die verset teen Hendrik

58 Beza, *De Haereticis*, p. 22 e.v.

59 T. Beza, *De Jure Magistratum ... Lugdunensem: Ionnem Mareschallum* (1576), p. 110 e.v.

60 Beza, *De Jure Magistratum*, p. 123 e.v. Laasgenoemde groep beskik oor die soewereine reg om te regeer – 'n reg wat deur die volksliggaam aan vorste oorgedra word.

61 Beza, *De Jure Magistratum*, p. 123 e.v.

IV wat dié ontwikkelings stukrag verleen het. Volgens Lambert van Hersfeld (c. 1025-1085) het die Sakse en Thuringiërs in 1073 van Hendrik IV geëis dat hy reg aan die Saksiese prinse moet laat geskied en andersins ooreenkomsdig sy koninklike amp moet regeer. Indien hy daartoe bereid was, sou hul bereid wees om trou aan hom te bewys.⁶² Dié versoek het drie belangrike beginsels na vore gebring: Eerstens, dat die koning nie oor arbitrière gesag beskik nie; tweedens, dat koninklike gesag met medeseggenskap van die onderdane uitgeoefen moet word; derdens, dat die koning verantwoording vir die regering van die Ryk aan die volksverteenvoordigers verskuldig is. Die disput met Hendrik IV lei mettertyd tot die afsetting van laasgenoemde en die verkiesing van Rudolf van Swabië.⁶³

Die klem op die politieke ampsperke van die koninklike gesagsuitoefening en die reg van die onderdane om die vors aan die voorwaardes van sy politieke ampspligte te hou, vind 'n hoogtepunt tydens die Investituurstyd in die politieke teorie van Manegold van Lautenbach (gebore c. 1045). Dit was veral die beperkinge op vorstelike gesagsuitoefening en die voorwaardes waaraan vorstelike gesagsuitoefening gebonde is, wat in Manegold se teks aandag ontvang. Manegold beklemtoon die onskendbaarheid van die vorstelike amp – die koninklike gesagsamp oortref alle ander ampte in wysheid, geregtigheid en eerbied. Die vors, aan wie die regering van die koninkryk toevertrou word, is verplig om sy gesag met die grootste mate van deug uit te oefen.⁶⁴ By sy regverdiging van die reg van Hendrik IV se opponent om gewelddadige verset teen hom te gebruik, beklemtoon Manegold dat die gesag van die staat by bestrafning van oortreders deel vorm van die goddelike orde.⁶⁵ Die vors beskik nie persoonlik oor die regeergesag nie. Koninklike gesag is 'n beskrywing van 'n amp, aan welke amp gehoorsaamheid verskuldig is en nie die persoon wat uit die amp afgesit word nie.⁶⁶ Manegold beklemtoon

62 Lambert van Hersfeld, *Jahrbücher*. Vertaal deur L.F. Hesse. Leipzig: Dykschen Buchhandlung (1883), p. 116 e.v.

63 Lambert van Hersfeld, *Jahrbücher*, p. 244 e.v. en Berthold, *Fortsetzung der Chronik Hermanns von Reichenau*. Vertaal deur G. Grandaur. Leipzig: Dykschen Buchhandlung (1893), p. 62 e.v.

64 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*. In: *Monumenta Germaniae Historica. Libelli de Lite Imperatorum et Pontificum Saeculis XI. et XII. Conscripti. Tomus I.* Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani (1891), p. 365 e.v.

65 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*, p. 374 e.v.

66 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*, p. 385 e.v.

die verhewe en heilige aard van politieke gesag en die ampsfunksies om geregtigheid en billikheid te handhaaf. Voorts ontken Manegold dat die politieke ampsdraers oor absolute gesag beskik en bygevolg wys hy die tradisie van koninklike absolutisme af.⁶⁷ Bygevolg verwerp Manegold alle vorme van politieke gesag wat die juk van onbeperkte gehoorsaamheid op die onderdane plaas. Vervolgens ondersoek hy die bindende aard van die eed van gehoorsaamheid. Omdat geen persoon homself tot die amp van koning of keiser kan verhef nie, maar deur die volk tot dié amp verhef word met die oog daarop om geregtigheid te handhaaf, staan die vors onder bepaalde verpligtinge. Indien die vors die ooreenkoms ingevolge waarvan hy verkies is aantas en die orde wat hy veronderstel is om te handhaaf, omverwerp, is die volk geregverdiglik van gehoorsaamheid aan die vors onthef. Die volk is nie deur eedswering daaraan verbind om 'n vors wat deur woede en onreg regeer, te gehoorsaam nie.⁶⁸

Manegold onderskei tussen gevalle waar onderdane 'n regverdig en redelike eed aan die koning aflê van dié waar onderdane onregverdig en onredelike ede aflê. Diegene wat regverdig en redelike ede teenoor vorste aflê, onderneem om die vors se helper en ondersteuner te wees by handhawing van die regeergesag in die koninkryk, om geregtigheid te handhaaf, vrede te bewerkstellig, en dié onderneming gestand te doen solank die koning sy ondernemings nakom. Indien die koning egter sy ampsverpligtige en -ondernemings versuim, as tian optree, geregtigheid nalaat, vrede versteur en sy ondernemings verbreek, word die volk van hul eedswering vrygestel en is die volk geregtig om die koning uit sy amp te ontslaan en 'n ander regeerder in te stel omdat die vors die beginsel waarop die wedersydse verpligtinge van vors en volk berus, verbreek het. In die geval van Hendrik IV is die volk van hul eed teenoor die vors vrygestel.⁶⁹ In die geval waar onderdane eedswering doen wat op sigself boos en onregverdig is, is sodanige ede inherent en as sodanig ongeldig.⁷⁰

Manegold se bespreking van die geval waar onderdane van hul eedverpligtige vrygestel is, is waarskynlik in ooreenstemming met die standpunte van die Kanonistiese regsgelerdes. Reeds in die negende eeu verwys Stephanus van Tournai na standpunte ingevolge waarvan die Pous nie eedafleggers van hul ongeoorloofde ede vrystel

67 Manegold van Lautembach, *Ad Gebehardum*, p. 388 e.v.

68 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*, p. 391 e.v.

69 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*, p. 392 e.v.

70 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*, p. 392 e.v.

nie, maar bloot bevind dat eedafleggers se ede ab *initio* nietig is.⁷¹ Sommige Kanoniste het verklaar dat ede wat inherent boos is, nie nagekom behoort te word nie en dat dit beter is om meineed te pleeg as om 'n bose eed na te kom.⁷² Onder invloed van die Kanonistiese regsgelerdes kry Manegold se standpunt beslag dat die onderdane se eed van gehoorsaamheid en trou nie bindend is by gevalle waar die koning sy gesag misbruik nie. Die volk plaas nie die vors in die regeeramp sodat hy tiranniek jeens hulle kan optree nie, maar dat hy hul sal beskerm teen die boosheid en tirannie van andere. Indien die vors, wat onder verpligting is om boosheid te bestry en die goeie te beskerm, hom na boosheid wend, die goeie onderdruk en tiranniek optree, sluitsodanige vors homself van die amp uit wat aan hom opgedra is. Bygevolg is die volk bevry van sy heerskappy en onderwerping, vir sover hy die ooreenkoms (*pactum*) ingevolge waarvan hy in sy amp aangestel is, aangetas het. In sodanige geval pleeg die volk nie troubreuk nie omdat die vors eerstens troubreuk begaan het. Ter verduideliking van die toepassing van die onderliggende beginsels, gebruik Manegold die volgende voorbeeld: Indien 'n wagter wat aangestel word om varke op te pas, nie sy verpligte sou nakom nie, sou hy regverdiglik uit sy diens ontslaan kon word. Indien dié beginsel op geringe gevalle van toepassing is, hoeveel te meer nie in gevalle waar onderdane aan die sorg van vorste toevertrou word. Volgens Manegold is dié beginsel reeds deur die Romeine toegepas toe Tarquinius vanweë sy seun se verkragting van Lucretia verdryf is. Alhoewel onderdane trou en eerbied teenoor konings en keisers verskuldig is ten einde goeie regering in die koninkryk te handhaaf, is hul dit nie verskuldig jeens tiranne nie.⁷³

Engelbert van Volkersdorf (1250-1311) was die eerste wat alle regeergesag uit 'n kontrak van onderwerping (*pactum subjectionis*) herlei – 'n beginsel wat die natuurlike aard en instink van die mens vertolk.⁷⁴ Dié gedagte vind aanklank by Willem van Ockham⁷⁵ in-

71 Vgl. Stephanus van Tournai, *Summa Decretorum*, Redakteur J.F. von Schulte. Glossen: Verlag von Emil Roth (1891), p. 221.

72 Regino van Prum, *De Synodalibus Causis*. Redakteur F.G.A. Wasserschleben. Lipsiae: Guil. Engelmann (1840), pp. 364-365. Vgl. Ook Burchard van Worms, *Decretum*. In: J.P. Migne, *Patrologia Latina Cursus Completus*. Vol. 140. Montrouge: Seu Petit (1853), pp. 878, 879, 881, 951 e.v. (bevattende 'n lys van ede wat nie nagekom behoort te word nie).

73 Manegold van Lautenbach, *Ad Gebehardum*, p. 391 e.v.

74 Engelbert van Volkersdorf, *De Ortu & Fine Romani Imperii*, p. 19 e.v.

75 Willem van Ockham, *Dialogus de Potestate Imperiali et Papali*. In: M. Goldast, S. *Romani Imperii*. Vol. II. Francofurti: Joann-Davedem Zunnerum (1668), p. 916 e.v.

gevolge waarvan die *ius humanum* die heerserreg invoer, synde 'n *ius populi*, wat tesame met die *imperium* deur die *populus* aan die Keiser, oorgedra is. Die Ciceroniaanse definisie van die staat as 'n *societas* het die politieke kontrakteorie verdere stukrag verleen. Dié gedagte het steun ontvang van onder andere Thomas Aquinas (1224-1274)⁷⁶, Vincentius Bellovacensis (oorlede 1274 of 1264)⁷⁷ en Theodoricus a Niem (tydens die regering van Rupert).⁷⁸ Dit was egter die standpunte van Johannes van Salisbury (1120-1180)⁷⁹ en Aeneas Sylvius Piccolomini (1405-1464, vanaf 1458 Pous Pius II)⁸⁰ wat die politieke kontrak van dié ingevolge waarvan die regeergesag ingestel is, onderskei het. Volgens Aeneas Sylvius kom die *societas civilis* tot stand deur mense wat voorheen in 'n natuurstaat geleef het.⁸¹ Oortredings van die politieke kontrak noop die instelling van 'n *regia potestas*. Willem van Ockham⁸² maak melding van standpunte van skrywers wat die gesag van die Keiser (*plenitude potestas*) aflei van oorspronklike kontrakte omdat *humana societas servare tenetur ad quod se obligavit: sed societas humana obligat se ad obediendum generaliter regibus et multo magis imperatori*. Teen die einde van die vyftiende eeu het die Middeleeuse politieke teorie ontwikkel tot by die punt dat 'n prinsipiële onderskeid getref is tussen die *pactum* ingevolge waarvan die samelewing tot stand kom, en dié wat die regeergesag aan die vors oordra.

2.3.2 Beza oor die politieke kontrakteorie en die verset teen tirannie

Volgens Beza is ede bindend tot die mate dat dit ooreenstem met die norm van geregtigheid. Verbreking van 'n eed is 'n ernstige aangeleentheid wat nie ligtelik opgeneem moet word nie. Die morele gewig van 'n eed is een van die redes waarom hy glo dat dit ongeoorloof

76 Thomas Aquinas, *Summa Theologica*. Vertaal deur Fathers of the English Dominican Province. Geen plek van uitgawe vermeld: Benzinger Brothers (heruitgawe Christian Ethereal Library), pp. 2468 e.v.; 3724 e.v.

77 Vincentius Bellovacensis, *Speculum Doctrinale*. Geen plek van uitgawe en uitgewer vermeld (1486), boek 7, hoofstukke 6-7 (ongepagineerd).

78 Theodoricus a Niem, *Nemus Unionis*. Argentorati: Lazari Zetzner (1609), p. 7 e.v.

79 Johannes van Salisbury, 1992. *Policraticus*. Vertaal deur C.J. Nederman. Cambridge; Cambridge University Press, p. 14 e.v.

80 Aeneas Sylvius Piccolomini, *De Ortu & Authoritate Imperii Romani*. In: S. Schard, *De Jurisdictione, Auctoritate, et Praeeminentia Imperiali*. Basileae: Cum Caes. Maest., (1566), p. 314 e.v.

81 Aeneas Sylvius Piccolomini, *De Ortu & Autoritate Imperii Romani*, pp. 314-315.

82 Willem van Ockham, *Dialogus*, p. 916 e.v.

is vir 'n private individu wat gehoorsaamheid aan 'n owerheid beloof het, wat later tiranniek optree, om verset te pleeg. Omdat persone geroepe is om hul ondernemings vervat in private kontrakte en ooreenkomste na te kom – selfs indien dit tot hul nadeel is – behoort politieke ondernemings dit des te meer te eerbiedig. By implikasie beteken dit dat ondernemings, om politieke besluite te ondersteun wat die openbare belang bevorder, vereis dat mense soms met politieke optrede gekonfronteer word wat hul liefs sou wou vermy. Hul gehoorsaam dié voorwaardes nie uit vrees nie, maar ter wille van die gemeenskaplike welsyn. Indien hul eedverbreking sou pleeg, verval vertroue en die samelewing wat hul beoog het om in stand te hou, en gaan hul ten gronde deur menslike voortvarendheid.⁸³

Beza se uitgangspunt is dat politieke kontraksluiting nie van die geregtigheidsnorme wat dit beheers losgemaak kan word nie. By beantwoording van die vraag of onderdane oor remedies beskik teen vorste wat legitim aangewys is en later tot tirannie verval, doen Beza 'n beroep op talle Bybelse, antieke en Middeleeuse bronne om die noue verband tussen die geregtigheidsnorme en kontrakte (*pacta*) aan te du. Alle menslike verhoudinge berus op fundamentele geregtigheidsnorme (*a quo uno pendet totius humanae societatis conservatio*) en moet aan dié norme beantwoord.⁸⁴ Die kontrak tussen Minos en die inwoners van Athene, uit hoofde waarvan laasgenoemde hul seuns en dogters ten offer gebring het, word byvoorbeeld deur Beza as tiranniek beskryf.⁸⁵

By sluiting van die kontrak tussen die vors en die volk en die aflegging van die gepaardgaande ede tot gehoorsaamheid, beteken dit nie dat regeerders willekeurig mag optree nie. Vorste se optrede behoort te beantwoord aan die norme van wat heilig en geoorloof is (*ea que natura sua sancta et legitima*). Die norm van geregtigheid moet deurentyd toegepas word ten einde te verhoed dat 'n regeerde in tirannie verval. Teenoor die voorstanders van politieke mag verklaar Beza dat geen geval in die geskiedenis van die mensdom aangeteken is ingevolge waarvan 'n volk hulself bewustelik en sonder intimidasie oorgelewer het sonder 'n uitdruklike of stilswyende voorwaarde dat vorste regverdig en billik sal optree nie.⁸⁶ Die gevolg trekking waartoe

83 Beza, *De Jure Magistratum*, p. 29.

84 Beza, *De Jure Magistratum*, p. 80.

85 Beza, *De Jure Magistratum*, p. 82.

86 Beza, *De Jure Magistratum*, pp. 80-81.

D.P. Henreckson in dié verband kom, is tweeledig: Eerstens, dat die kontraktuele verhoudinge tussen regeerders en onderdane deur fundamentele geregtigheidsnorme beheers word; tweedens, dat by Beza nie van kontraksluiting ter fundering van die politieke lewe sprake is nie, maar dat die klem eerder op die norme val wat die kontraktuele verhouding tussen vors en volk beheers.⁸⁷

Die kontraktuele verhouding wat bepalend is vir die vraag of onderdane hul teen tirannieke owerhede mag verset, is by Beza ingebed in 'n komplekse Middeleeuse en Skolastieke raamwerk waarmee deeglik rekkening gehou moet word. Beza se uitgangspunt is dat God bo alle menslike gesagsinstellings gehoorsaam moet word. In geval waar 'n regmatig aangewese vors mettertyd tot tirannie oorgaan, is dit individue ongeoorloof om verset te pleeg. Beza onderskei drie groepe van die bevolking wat ter sprake is: Private individue; laer gesaghebbers, en volksverteenwoordigende magistrate op wie die plig rus om misbruik van vorstelike gesag te verhoed. Vorste is kontraktueel teenoor laer gesaghebbers verbind en deur hul ampseed tot regverdig optrede verbind. Indien die vors sy verpligte teenoor die volksverteenwoordigende magistrate verbreek, is hul bevoeg om hul op nakoming van die kontrak te beroep en desnoods aktiewe verset teen tirannieke vorste te pleeg. Beza noem dertien voorbeeld van sulke volksverteenwoordigende magistrate. Dié volksverteenwoordigers stel konings namens die volk in en beskik oor die reg om 'n tirannieke vors te ontroon. Hoewel private individue dus nie oor 'n versetreg teen tirannieke vorste beskik nie, kan die volk as *universitas* deur volksverteenwoordigende magistrate wel tot aktiewe verset oorgaan.

Beza se versetteorie, soos beliggaam in sy politieke kontrakteorie, volg dus die Middeleeuse tradisie wat vir volksverset ruimte laat, sonder om die Calvinistiese standpunt dat verset slegs deur volksverteenwoordigende ampte gepleeg mag word, prys te gee. Dié standpunt oor volksverteenwoordigende verset het veel wyer as slegs Hugenote-versetoorwegings gestrek. Robert M. Kingdon beskryf Beza se invloed in dié verband soos volg: "Beza's theory, however, was not limited in utility to that time and place. It was cast in such general terms that it would continue to prove useful for decades to come. It was cast, indeed, in terms so general that it could even be used by partisans of other religious causes. The fact that Beza had

⁸⁷ Henreckson, *The Immortal Commonwealth*, p. 87.

had to conceal his identity as the book's author and even to conceal the place of its publication, helped make this broader use possible. Between 1574 and 1581, the *Du droit des magistrats* appeared in ten French editions, four of them within Simon Gaulart's general collection of documents provoked by the religious warfare of that time, the *Mémoires de l'estat de France sous Charles neufiesme*. And between 1576 and 1649, it appeared in about seventeen Latin translations, often bound with such other political classics of the period as the *Vindiciae contra tyrannos* and Machiavelli's *Prince*. Few expressions of Calvinist resistance theory of the period was so influential for such a long period of time."⁸⁸

3. Samevatting en gevolgtrekking

Theodorus Beza se politieke teorie was tot 'n groot mate op Middeleeuse en Skolastiese standpunte in die algemeen en die regsverhouding tussen vassale en hul feodale here gemodelleer. Dié invloede het Beza se standpunte oor konstitusionele regering en die politieke kontrakteorie in deurslaggewende opsigte bepaal. Vir doeleinades van sy standpunte oor konstitusionele regering, was drie uitgangspunte van Middeleeuse oorsprong van deurslaggewende belang. Eerstens het Beza die Middeleeuse uitgangspunt aanvaar dat koningskap op die toestemming van die onderdane berus en dat geen koninklike opvolging kan geskied by afwesigheid van die verkiesing deur die volk en/of onderneming om ooreenkomsdig die reg en gebruikte te regeer nie. Tirannieke optrede van vorste is bevraagteken op grond van die afwyking van vorstelike ondernemings of optrede in stryd met bestaande politieke gebruik. Tweedens het Beza die Germaanse korporasiebegrip en die meegaande idee van regspersoonlikheid wat daaruit voortgespruit het, op die groepspersoonlikheid van die volk toegepas. Die volk as *delegans* beskik oor die *plena potestas* of *generalis et libera administrare* en kan dit aan die gedelegeerde oordra om namens hulle uit te oefen. Volksverteenvoerdigers kan namens die volk regshandelinge verrig tot die mate dat hulle binne hul mandaat optree en nie bedrieglik namens die *delegans* handel nie. Derdens word die verhoudinge tussen vorste en onderdane aan die hand van die *ius naturale* en *ius gentium* beoordeel. Eedaflegging, kontraksluiting en volksverteenvoerdigende handelinge word deurgaans as synde onderworpe aan hoër geregtigheidsnorme beoordeel.

88 R.M. Kingdon, Calvinism and Resistance Theory, 1550-1580. In: Redakteur J.H. Burns, *The Cambridge History of Political Thought 1450-1700*. Cambridge: Cambridge University Press (1996), p. 211.

Wat die politieke kontraktsdenke van Beza betref, het hy ruim op Middeleeuse ontwikkelinge en die regsvpligtinge wat daaruit voorspruit gesteun. Eerstens impliseer dit 'n kontraktuele verhouding wat beide partye tot getroue nakoming verplig. Ingevolge dié verhouding is die verpligtinge van die partye blywend maar voorwaardelik; verset is legitiem indien die trouverhouding deur een van die partye geskend is en feodale howe het oor jurisdiksie beskik om uitsluisel oor verbandhoudende dispute te gee. Tweedens vind die uiteenlopende ooreenkomste wat as konstitutief vir Middeleeuse konstitutiewe instellings beskou is, paralelle in Beza se politieke teorie. Hoewel eedaflegging aan die Romeinse reg vreemd was, het die Bybelse invloed in Middeleeuse gemeenskappe die grondslag van assosiasies en kontraktuele verbintenis gevorm. By troonbestyging het konings kroningsede afgelê en vredesverbонde is deur kollektiewe ede ondersteun. Die bepalende rol van kroningsede in Middeleeuse politieke gemeenskappe onderlê ook Beza se standpunt dat by troonbestyging die vors homself deur sy eed tot regverdige optrede jeens die onderdane verbind. Derdens vind die feodale praktyk dat die koning kontrakteel tot die volksverteenvoordigers verbind is, en ingevolge waarvan hy homself tot politieke medeseggenskap tot dié verteenwoordigers verbind, 'n parallel by Beza se standpunt dat die vors kontrakteel tot die volksverteenvoordigers verbind is. Onderliggend tot die grondleggende rol wat dié ondernemings tot politieke medeseggenskap speel, figureer die feodale praktyk dat die verhouding tussen regeerders en onderdane op 'n wedersydse kontrak berus, dat regeerders oor sowel regte as verpligtinge jeens hul onderdane beskik en dat by verbreking van dié kontraktuele ondernemings, regmatige verset teen tirannieke vorste gepleeg mag word.

Bibliografie

Prim  re bronne

- ABBATIS FLORIACENSIS. 1880. *Collectio Canonum ...* In: J.P. Migne, *Patrologia Cursus Completus*. Vol. 139. Parisiis: Apud Garnier Fratres, pp. 478-479.
- AENEAS SYLVIUS PICCOLOMINI. 1566. *De Ortu & Authoritate Imperii Romani*. In: S. Schard, *De Jurisdictione, Auctoritate, et Praeeminentia Imperiali*. Basilae: Cum Caes. Maest., pp. 314-328.
- BENEDICTUS CAPRA. 1568. *Regulae et Tractatus*. Vol. I. Venetis: Senatus Veneti.

- BERTHOLD. 1893. *Fortsetzung der Chronik Hermanns von Reichenau*. Vertaal deur G. Grandaur. Leipzig: Dyckschen Buchhandlung.
- BEZA, T. 1554. *De Haereticis* ... Geen plek van uitgawe vermeld: Roberti Stephani.
- BEZA, T. 1576. *De Jure Magistratum* ... Lugdunensem: Ionnem Mareschallum.
- BEZA, T. 1956. *Concerning the Rights of Rulers Over Their Subjects and the Duty of Subjects Towards Their Rulers*. Vertaal deur H.-L. Gonin. Cape Town: H.A.U.M.
- BRUNO. 1841. *De Bello Saxonico Liber*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani.
- BURCHARD VAN WORMS. 1853. Decretum. In: J.P. Migne, *Patrologia Latina Cursus Completus*. Vol. 140. Montrouge: Seu Petit, pp. 878-951.
- ENGELBERT VAN VOLKERSDORF. C. 1590. *De Ortu & Fine Romani Imperii*. Basileae: Joannis Conradi Peezi.
- FREDERICK I. 1893. Constitutiones. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 191-207.
- FREDERICK II. 1893. Constitutiones. In: *Monumenta Germaniae Historica. Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 143-144.
- GERBERT. 1889. *Lettres*. Redakteur J. Havet. Paris: Alphonse Picard.
- GOODMAN, C. 1558. *How Superior Powers Ought To Be Obeyed*. Geneva: John Crispin.
- HENDRIK II & BENEDICTUS VIII. 1893. Synodus et Leges Papiensis de Clericis Ecclesiarum Servis. In: *Monumenta Germaniae Historica. Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 70-78.
- HENDRIK V. 1893. Constitutiones. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, p. 160.
- HERMANN VOR REICHENAU. 1851. *Chronik*. Berlin: Wilhelm Besser.
- HUGO FLORIACENSIS. 1892. Tractatus de Regia Sacerdotali Dignitate. In: Libelli de Lite, *Monumenta Germaniae Historica*. Vol. II. Societats Aperiendis Fontibus (Red.). Hannoverae: Bibliopolii Hahniani, pp. 465-494.
- JEAN GERSON. 1706. *Opera Omnia*. Vol. V. Antwerpiae: Sumptibus Societatis.

- JOHANNES VAN SALISBURY. 1992. *Policraticus*. Vertaal deur C.J. Nederman. Cambridge: Cambridge University Press.
- LAMBERT VAN HERSFELD. 1883. *Jahrbücher*. Vertaal deur L.F. Hesse. Leipzig: Dyckschen Buchhandlung.
- LODEWYK & LOTHAR. 1835. Capitularia. In: G.H. Pertz (Red.), *Monumenta Germaniae Historica Legum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Aulici Hahniani, p. 346 e.v.
- LOTHAR III. 1893. Constitutiones. In: *Monumenta Germaniae Historica Legum Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, p. 176.
- LUPOLD VAN BEBENBURG. 1566. De Jure Regni & Imperii. In: S. Schard, *De Jurisdictione, Auctoritate et Praeeminentia Imperiali*. Basilar: Cum Caes. Maest., pp. 328-410.
- MANEGOLD VAN LAUTENBACH. 1891. Ad Gebehardum. In: *Monumenta Germaniae Historica. Libelli de Lite Imperatorum et Pontificum Saeculis XI. et XII. Conscripti. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 300-430.
- MARSILIUS VAN PADUA. 1668. Defensor Pacis. In: M. Goldast, *S. Romani Imperii*. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum, pp. 154-312.
- NICOLAUS VAN CUSA. 1566. De Concordantia Catholica. In: S. Schard, *Iurisdictione, Auctoritate et Praeeminentia Imperiali, ac Potestate*. Basilar: Cum Caes. Maiest., pp. 465-676.
- OTTO I. 1893. Constitutiones. In: *Monumenta Germaniae Historica. Legum, Sectio IV. Constitutiones et Acta Publica Imperatorum et Regum. Tomus I*. Hannoverae: Impensis Bibliopolii Hahniani, pp. 28-30.
- PHILOTHEI ACHILI CONSILARIUS REGIS. 1601. Somnium Viridari. In: M. Goldast, *Monarchia S. Romani Imperii*. Hannoverae: Thomas Willieri, pp. 58-229.
- POYNET, J. (Pseud. D.I.P.B.R.VV.). 1556. *A Shorte Treatise of Politike Pouuer, and of the true Obedience which subiectes owe to kynges and other civile Gouernours ...* Strassburg: Geen uitgewer vermeld.
- REGINO VAN PRUM. 1840. *De Synodalibus Causis*. F.G.A. Wasserschleben (Red.). Lipsiae: Guil. Engelmann.
- SACHSENSPIEGEL. 1614. Cum Privil. Imperial. et Elector Saxoni.
- STEPHANUS VAN TOURNAI. 1891. *Summa Decretorum*. J.F. von Schulte (Red.). Glessen: Verlag von Emil Roth.

- THEODORICUS A NIEM. 1609. *Nemus Unionis*. Argentorati: Lazari Zetner.
- THOMAS AQUINAS. 1947. *Summa Theologica*. Vertaal deur Fathers of the English Dominican Province. Geen plek van uitgawe vermeld. Benzinger Brothers.
- THOMAS AQUINAS. 1630. *De Regimine Principum*. Lugduni Batavorum: Joannes Maire.
- VINCENTIUS BELLOVACENSIS. 1486. *Speculum Doctrinale*. Geen plek van uitgawe en uitgewer vermeld.
- WILLEM VAN OCKHAM. 1668. Octo Quaestionum Decisiones Super Potestate Ius Summa Pontificis. In: M. Goldast, S. *Romani Imperii*. Vol. II. Francofurti: Joann-Davidem Zunnerum, pp. 313-395.
- WILLEM VAN OCKHAM. 1668. Dialogus. In: M. Goldast, S. *Romani Imperii*. Vol. II. Farncofurti: Joann-Davidem Zunnerum, pp. 392-957.

Sekondêre bronne

- HENRECKSON, D.P. 2019. *The Immortal Commonwealth. Covenant, Community, and Political Resistance in Early Reformed Thought*. Cambridge: Cambridge University Press.
- KINGDON, R.M. 1996. Calvinism and Resistance Theory, 1550-1580. In: J.H. Burns (Red.), *The Cambridge History of Political Thought, 1450-1700*. Cambridge: Cambridge University Press.
- SKINNER, Q. 2000. *The Foundations of Modern Political Thought*. Vol. 2. Cambridge: Cambridge University Press.
- VON GIESEBRECHT, W. 1868. Ueber Magister Manegold von Lautenbach und seine Schrift gegen den Scholasticus Wenrich. In: *Sitzungsberichte der königl. Bayer. Akademie der Wissenschaften zy München*. München: F. Straub, pp. 297-330.